

GESPREKSDOKUMENT EN STUDIESTUK: DIE PRESBITERIALE KERKREGERINGSTELSEL IN DIE PRAKTYK

Hierdie dokument is opgestel deur die sinodale kerkorde kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Noord-Kaapland.

Dit mag nie verander word sonder die skriftelike toestemming van die Sinode van Noord Kaapland nie.

INLEIDING

Ter inleiding omskrywe ons eers kortliks 'n paar ander kerkregeringstelsels.

Ten aanvang kan ons aanvaar dat

- (1) alle kerkregeringstelsels Christus as Hoof van sy kerk aanvaar en
- (2) dat almal aanvaar dat daar 'n intieme verband tussen die Koninkryk van God en kerk bestaan. Hulle verskil egter radikaal oor hoe bogenoemde verstaan moet word.

1. DIE EPISKOPAALSE KERKREGERINGSTELSEL

Dit is die kerkregeringstelsel wat hoofsaaklik deur die Roomse Katolieke Kerk gevolg word.

- a) Rome sê Christus regeer deur die pous wat Hy in sy plek aangestel het en wie onfeilbaar deur die Heilige Gees gelei word. Wat leer die gereformeerde kerke? (*Sien Kerkorde artikel 3*)
- b) Die pous verteenwoordig Christus op aarde en hy kan dus vir die koninkryk nuwe leerstellings neerlê, voorskrifte gee, sakramente instel en oor geestelikes regspraak. Wat leer die gereformeerde kerke? (*Sola Scriptura*)
- c) Die pous stel in samewerking met die konsilie (sinode) die Wetboek van Kanonieke Reg (*Codex Iuris Canonici*) op. Waar vind ons die wette van die Here? Is daar enige ander plek waar dit te vinde is?
- d) Die hele kerklike lewe word tot in kleinste besonderhede vanuit Rome gereël. Die plaaslike gemeente is geheel en al onmondig. Wat leer die gereformeerde kerke? (*Sien hieronder*)

2. DIE KOLLEGIALISTIESE KERKREGERINGSTELSEL

Hierdie stelsel het sy naam ontleen aan die Romeinse reg wat voorsiening maak vir die bestaan van verenigings – die sogenaamde *collegia licita* – en is in Duitsland tydens die *aufklärung* ontwikkel. Ons kan 4 hooftrekke onderskei:

- a) Die Kollegialisme is as stelsel ontwikkel om vir die kerk(e) van die reformasie op staatkundige gebied gelyke beregtiging met die Roomse Katolieke kerk te verkry. Hulle doel was om individue te vrywaar van godsdienstige dwang en om almal te verseker van gelyke kerklike regte. Om dit te verwesenlik is gebruik gemaak van verenigingsreg. Die (Duitse) staat het hierdie stelsel aanvaar en alle denominasies as gelyke genootskappe erken.
- b) Soos die staat kom die kerk as 'n vereniging of genootskap tot stand deur 'n vrye verdrag van outonome individue. Hoe kom volgens die Bybel die kerk tot stand? (*Sien... Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 27 en die Heidelbergse Kategismus, Sondag 21*)
- c) 'n Baie belangrike karaktertrek van die stelsel is dat die kerk as genootskap van individue uit vrye wil tot die genootskap toetree. Die kerk het dus sy oorsprong in die mens en nie in God nie. Met watter begrippe word die kerk beskrywe in die Bybel en wat is die implikasies daarvan vir die kerkregeringstelsel? (*Ekklesia, liggaam van Christus, geroepe heiliges, huisgesin van God ens.*)

- d) Die gesagsbron is die wil van die meerderheid, d.w.s. die meerderheid stemme van die lede bepaal die rigting van die kerk en dit hoef nie noodwendig aan die Skrif getoets te word nie.

Wat is ons enigste gesagsbron in die kerk?

3. DIE INDEPENDENTISTISE KERKREGERINGSTELSEL

Hierdie kerkregeringstelsel ken alle gesag aan die plaaslike gemeente toe. Die plaaslike gemeente beslis onafhanklik oor alle aangeleenthede. Die plaaslike gemeente is in so 'n mate outonoom dat die kerkverband – indien dit bestaan – 'n losse federasie vorm. Daar is geen verbintenis tot 'n geloofsbelydenis nie.

Wyle prof BB Keet het jare gelede geskryf dat die independentisme en die presbiteriale kerkregeringstelsel 'n aantal ooreenkomste vertoon bv.

- a) dat beide uitgaan van die gedagte dat die gemeente uit gelowiges bestaan;
- b) dat die Here Jesus Christus die hoof van die kerk is;
- c) veral belangrik is dat beide die Episkopaalse stelsel verwerp;
- d) beide handhaaf die gedagte dat die plaaslike gemeente volledig kerk is.

Daar is egter 'n wesenlike verskil tussen die twee stelsels:

- e) die presbiteriale stelsel het homself verbind tot en ag homself streng gebonde aan 'n definitiewe belydenis. Hierdie bande sny enige moontlikheid - ja, selfs net die sweem van independentisme by die wortel af. Die ware kerk is totaal gebonde aan en afhanklik van die Woord van God wat met die hermeneutiese sleutel van die belydenisskrifte gelees word.

4. DIE PRESBITERIALE KERKREGERINGSTELSEL (sien artikel 27 tot 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis of NGB)

Beide Luther en Calvyn het aanvanklik regte bestudeer – Luther wel net 'n paar maande, maar Calvyn het sy studies voltooi. 'n Mens kan met reg sê dat die Presbiteriale kerkregeringstelsel inderwaarheid deur Calvyn ontwikkel was.

Die presbiteriale kerkregeringstelsel het grootliks sy beslag by die beroemde sinode van Dordrecht 1618/1619 gekry met die aanvaarding van die Dordtse Kerkorde. Die Dordtse Kerkorde steun baie sterk op Calvyn.

Die Kerkorde het slegs 86 artikels en staan in skille kontras met die “Wetboek van Kanonieke Reg” van die Roomse Katolieke Kerk met sy 1752 sg. *canones*. Die Dordtse Kerkorde wil alleen maar reëls neerlê (of uitlig) wat die Skrif openbaar en verder *slegs enkele* maatreëls tref wat uit 'n praktiese oogpunt noodsaaklik is. Daarmee is die verskil tussen die pouslike hiërargiese oorheersing wat die hele gemeentelike lewe “van bo af” wil reguleer en beheer en aan die ander kant die Skriftuurlike standpunt dat die plaaslike gemeente volledig kerk is (*ecclesia completa*) waarin alleen Christus die heerskappy voer, afdoende aangetoon.

Die Dordtse Kerkorde bestaan uit vier “hoofstukke” met orde reëlings oor:

1. die dienswerk van die ampsdraers;
2. vergaderinge van die kerk, te wete kerkraad, klassis (ring); sinode en algemene sinode;
3. reëlings in sake die leer, sakramente en liturgie en
4. die - soos dit in die Dordtse Kerkorde genoem word – “Christelike straffe”, d.w.s opsig en tug.

Hierdie stelsel van kerkregering berus op 4 duidelike grondbeginsels:

1. **Jesus Christus is die enigste Hoof van sy gemeente en die Koning van sy kerk.** (*Joh 18:36, 37; 1 Kor 15:23 - 25; Ef 1:22; 4:15; Kol 1:18*). Die kerk mag dus nooit demokraties wees nie, maar moet altyd Christokraties wees.

- a) Alleen Jesus Christus het mag in die kerk en dus sê ons dat Hy alle mag het. Hy wentel nie sy mag af na enige iemand nie. (*Mat 17:5; Mat 28:18; NGB artikel 27, Kerk Orde art 3; Calvyn Inst IV.8.i*)
- b) Christus self regeer direk deur sy Woord en Gees. Hy oefen sy mag uit deur sy Woord en sy Gees. Omdat dit Sy Woord is, het dit gesag. (*Joh 15:25, 2 Tim 3:16*). Mag, gesag en waardigheid word nie deur die Heilige Gees aan bepaalde mense verleen nie, maar alleen die Woord van God wat deur mense bedien word, besit mag, gesag en waardigheid. Gesag in die kerk word aan die Woord van God ontleen en word daardeur begrens. Daarom behoort die begrip “leiers” vir ons vreemd op die gereformeerde oor te val.
- c) Christus regeer dus waar sy Woord bedien word. ’n Bedienaar van die Woord het geen gesag nie, maar die Woord wat hy verkondig het gesag. (Calvyn: Inst IV.8.ii.iv.v). Prof Balke het in ’n lesing voor die klassis (ring) Hattem in Nederland hom so hieroor uitgelaat: *Amtsdraggers hebben slechts gezag in zoverre zij het Woord Gods recht spreken*.
- d) Niemand mag op grond van sy amp, jare se ondervinding, akademiese opleiding, of watter ander rede ook al, voorrang of gesag in die kerk kry nie. Sodra dit gebeur, is Christus nie meer die enigste Hoof van sy kerk nie.
- e) Elke vorm van menslike heerskappyvoering moet dus ten sterkste afgewys word.
- f) Die “ampte” van herders en leraars, ouderling en diakens is bedieninge deur middel waarvan Christus by die gelowiges teenwoordig is (Inst IV.6.x). Let daarop dat Kerkorde artikel 3.1.1 nie by die ampsdraers begin nie maar by die dienswerk van die gelowiges.

Teenoor die presbiteriale kerkregering stelsel staan die episkopale kerkregering stelsel soos mens dit vind in die Roomse Katolieke kerk.

- a) Hulle leer dat die sleutels van die hemel en so die regermag, aan Petrus toevertrou sou wees – bestudeer Mat 18: 15 - 20.
- b) Petrus is die verteenwoordiger van Christus op aarde omdat hy (Petrus) onfeilbaar deur die Heilige Gees gelei was. Wanneer die pous “*ex cathedra*” uitsprake maak, is hy onfeilbaar. Bestudeer Joh 14: 16, 26 en veral Joh 16: 13.
- c) Die pous is die opvolger van Petrus. Soos Petrus is die pous die sigbare hoof van die kerk wat sy heerskappy deur middel van ’n rangorde (hiërargie) van priesters oor die kerk uitoefen.
- d) Calvyn noem die pous die Antichris, omdat hy in die tempel van God sit en die eer wat aan God alleen toekom, vir homself neem (Inst IV.6.xxv).

2. Die wyse waarop Christus sy kerk regeer

- a) Die gedagte dat een mens oor ’n ander of een amp oor ’n ander in die kerk heers, is sondig en is eie aan die wêreld (Luk 22:24 v). Daarteenoor gebruik Christus spesifiek die woord “diaken” (letterlik: tafelbediende, dit is: ’n dienaar wat geen eer, status of mag impliseer nie) vir Homself en vir apostels, ouderlinge en diakens. Onder dienaars kan geen sprake van heersers wees nie (bestudeer tog in die besonder Ef 5:23 evv en pas dit [soos Paulus in vers 32] toe op die kerk). Eer kan alleen ’n goeie en oneer aan ’n swakker dienaar toebedeel word na die mate wat elkeen sy besondere roeping van die Here vervul.
- b) Om te regeer roep en stuur Here Jesus mense - te wete hulle wat dien in die ampte van herder, ouderling en diaken - om sy regering aan sy kerk te bedien. Die Here roep “opsieners (dit is, ouderlinge of presbiters) en diakens om saam met die herders as die Raad van die Kerk te wees” (NGB artikel 30) en kerklike dissipline uit te oefen.
- c) Kerkorde artikel 3 spel die wyse waarop Christus sy kerk regeer, as volg uit:
 - 3.1 Christus self deur die Heilige Gees verrig al die dienswerk in sy kerk. Hy doen dit deur:
 - 3.1.1 die dienswerk van al die gelowiges;
 - 3.1.2 die dienswerk van die drie besondere ampte, te wete: dié van bedienaar van die Woord

dié van ouderling
dié van diaken.

- d) Die sleutelbegrippe hier is diens (of *bediening*, [*diakonia*]) en dienswerk (*leitourgia*). Die ampte moet **die regering van Christus bedien** en daar is geen sprake van ‘n hiërargie of heers nie. Die *locus classicus* vir die dienskarakter van die ampte is die woorde van die Here Jesus aan sy dissipels in Markus 10:42-45.
- e) Alleen die Skrif dien as kriterium om te bepaal of ’n kerklike dienaar (ampsdraer) of ’n kerklike vergadering Christus dien of vir homself gesag aanmatig.
- f) Insgelyks lui NGB art 30: “*Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm.*”

3. Die plaaslike gemeente is *ecclesia completa* (volledig kerk)

- a) Waar vind ons die kerk?
 - i. Die kerk is daar waar “...’n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees...” byeen is (NGB artikel 27).
 - ii. Ook sien mens dit in die “merktekens” van die ware kerk: “Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf - kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwer Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken.” (NGB artikel 29).
 - iii. Vervul vergadering van die kerk, (die ring en sinodes) bogenoemde funksies? ’n Ring of sinode bedien nie die Woord of die sakramente nie – hulle is vergadering van die kerke, maar is nie die Kerk nie.
- b) Saam met ons belydenisskrifte bely ons: Die een kerk van Christus is aanwesig oral waar gelowiges in die eenheid van ’n ware geloof rondom die Woord en sakramente vergader en deur dié Woord en Gees regeer word. Elke plaaslike kerk is ’n selfstandige openbaring van die liggaam van Christus in sover dit die kenmerke van die liggaam van Christus vertoon.
- c) Uit bogenoemde is dit duidelik dat die kerk nie deur die verband gekonstitueer word nie. Die kerkverband behoort nie tot die **wese** (*bestaan*) van die kerk nie, maar tot sy **welwese** (*goeie bestaan*) – kerke/gemeentes help mekaar om op ’n goeie manier voort te bestaan. Die verband kom uit die gemeentes na vore en nooit anders om nie: ’n (nuwe) Gemeente stig van ’n (moeder)gemeente af en word nie deur ’n ring of ’n sinode tot stand gebring nie.
- d) Kerkverband kom tot stand wanneer naburige gemeentes byeenkom: “*As uitdrukking van die kerkverband ...word naburige gemeentes gegroep tot ringe.*” – Kerkorde artikel 29. ’n Sinode is eweneens gemeentes wat saam vergader (*synodos* [Grieks] beteken “*saam op pad*”). Kerkorde artikel 32 lui: “*Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies ’n eenheid vorm en maklik vergader.*”
- e) ’n Ring of sinode is nie kerk nie, maar slegs ’n **vergadering** van verskillende gemeentes (kerke). Daarom hou ’n ring of sinode op om te bestaan die oomblik wanneer die vergadering ten einde loop. Al wat kontinueer is die besluite wat uitgevoer word deur persone/kommissies aan wie die vergadering dit opgedra het. ’n Vergadering wat ophou bestaan wanneer die vergadering verdaag, kan immers nie ’n intrinsieke gesag van sy eie hê nie.
- f) Geen gemeente het seggenskap oor ’n ander nie. Een of meer gemeente(s) verkry nie kragtens kerkverband seggenskap oor ’n ander gemeente nie. Ook (miskien moet ons sê veral!) in die kerkverband het alleen Christus gesag en Hy verleen dit aan niemand anders nie.

- g) Hierbo het ons gesê Christus regeer en oefen Sy gesag uit deur sy *Woord*. Artikel 20 van die kerkorde lui:
- 20.1 “Hierdie vergaderinge (kerkraad, ring, sinode en algemene sinode – sinodale kerkordekommissie) het, elkeen na sy eie aard, ’n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen.
- 20.2 Die gesag van die ring oor die kerkraad is dieselfde as die van die sinode oor die ring en van die Algemene Sinode oor die sinode.” (Opmerklik is dat slegs “Algemene Sinode” met hoofletters geskryf word).

4. Die anti-hiërargiese beginsel

Die vierde beginsel het kerkordelik neerslag gevind by die sinode wat op 26 Mei 1559 te Parys gehou was waartydens die sg. “Discipline Ecclesiastique” (Kerklike Dissipline) aanvaar was. Die openings artikel lui dat “*geen kerk, geen dienaar zal over de andere heersen*” en staan ook bekend as die sg. *non-dominatiobeginsel*. Hierdie beginsel word deur alle kerkordes van kerke met ’n presbiteriale kerkregeringstelsel gedeel.

- a) Die feit dat Christus sy koningskap en hoof-wees van en in sy kerk met geen mens deel nie en na geen mens in watter amp ook al, of na enige sinode of watter kerkvergadering ook al deleger nie, verbied enige mens om in sy amp, kerk of kerkvergadering, oor ’n mede-ampsdraer enige heerskappy uit te oefen.

Niemand kan hom op sy amp, status of plek in die kerk of op die meerderheid beroep om aan ander buite die Woord om voor te skrywe of oor enkelinge te heers nie.

Die enigste "mag" wat een ampsdraer oor ’n ander het, is “bedienende mag”, dit wil sê hy kan die ander met die mag van die Woord bedien. Dit is al gesag wat ’n kerk het.

Sodra een oor die ander heers, tree daarin die valse kerk aan die lig (Mat 24: 45 – 51; Luk 12: 41 - 48).

- b) Die enigste gesag wat ’n algemene sinode oor ’n sinode, ’n sinode oor ’n ring of ’n ring oor ’n gemeente kan hê, is die gesag van die Woord.
- c) Die Kerkorde van 1571 (soos goedgekeur by die sinode van Emden) verwoord hierdie beginsel so: “*Opdat niet de ene gemeente over de andere, het ene ambt over het andere, noch de ene ambtsdrager over de andere heerschappij voere, wordt de regering der kerk uitgeoefend in vergaderingen, waarin de ambten bijeen zijn*”.

Dit is die grondwet van die presbiteriale kerkreg.

- d) Van die Ned Geref Kerk van ons dag word gesê dat ons ’n *presbiteriaal-sinodale* stelsel van kerkregering het. In sodanige stelsel word aan die een kant gesê dat Christus die kerkregering aan die ampsdraers en/of kerkvergaderings met hulle eie gesag opgedra het (vgl. Kerkorde artikel 20). Aan die ander kant word gesê dat Christus die enigste Hoof van die kerk is (Kerkorde artikel 3) en deur middel van ampsdraers in kerkvergaderings regeer. Hier ontstaan nou 'n anomalie. Teoreties is Christus die enigste Hoof, Koning en Regeerder van sy kerk en aan die ander kant is die gelowiges onderwerp aan ampsdraers, gemeentes en sinodes.

Prof Spoelstra skrywe: “*Dit wil voorkom asof hierdie presbiteriaal-sinodale stelsel... aan die amp(te) en kerkvergadering(s) op dieselfde wyse mag en gesag toeken soos wat Rome episkopaal-monargaal met die pous en konsilie gedoen het. Beide die Roomse en presbiteriaal-sinodale... stelsels dui nie aan hoe Jesus Christus "die enigste algemene Opniener (biskop) en die enigste Hoof van die Kerk" (NGB art 31) in die uitoefening van kerkregering bly nie.*”

In die Dordtse Kerk Orde word die woord “Zeggen” gebruik in plaas van “gesag”. “Zeggen” dui op die Skrif.

- e) Die besondere in die presbiteriale stelsel is dat besluitneming – hetsy op sinodale- rings- of kerkraadsvlak - nie gegrond is op demokratiese meerderheidstem nie, maar op die Woord van God en die belydenis van die kerk. Hierdie binding aan die Skrif en belydenis is die

rede waarom die vierde beginsel nie tot independentisme kan ly nie. Elke kerk is belydenismatig gebind en verbind en staan so in 'n breër verband van kerke.

Wat beteken dit in die praktyk?

1. Die kerkraad

In die Kerkorde artikel 3 staan dat “*Christus self deur die Heilige Gees verrig al die dienswerk in sy kerk.*” Hy doen dit deur die dienswerk van die gelowiges en die besondere ampte. Die besondere ampte vorm 'n kerkraad aan wie die opsig oor, die regering van en die tug in die kerk toevertrou word. Die georganiseerde dienswerk van 'n kerk vind nie buite om die kerkraad plaas nie.

In vergadering alleen kan bindende besluite geneem word. Daarom bely ons dat slegs in die saam wees onder leiding van sy Woord en Gees neem kerkvergaderings besluite. Die dienswerk van lidmate en ampsdraers is dus nie gesetel in die besluite van individue nie. Ouderlinge, diakens, leraars doen hulle werk omdat die kerkraad hulle daartoe gemagtig het. Hiermee word die gedagte van heers en dus eie besluitneming of bevoegdheid toe-eien die nek ingeslaan. So beskerm Christus sy kerk teen 'n “pous” en bly Hy alleen die Hoof.

2. Die lewe van die kerkraad

Anders as by meerdere vergaderings wat slegs vir 'n sekere tydsduur bestaan, het 'n kerkraad 'n lewe van sy eie. 'n Kerkraad bestaan en funksioneer al vergader hy nie. Vergaderings is maar een aspek van sy dienswerk. Elke dag is die lewe van die gemeente deurtrek met die dienswerk van die kerkraad.

Hoe funksioneer die kerkraad? In die geskiedenis van die gereformeerde kerke het daar 'n bedieningspraktyk ontwikkel wat uiting wou gee aan die prinsipiële uitgangspunte soos in die dokument uiteengesit. Wat ons ook moet verreken is dat die omstandighede van die kerk in die geskiedenis ook 'n rol gespeel het in die wyse waarop die beginsels in die praktyk beslag gekry het.

Kom ons kyk na enkele van die praktyke.

3. Wyke

Waar kom dit vandaan dat gemeentes besoekpunte in wyke saamgroepeer? Dit staan nie in die Skrif, belydenis of kerkorde nie. Die praktyk se wortels vind ons by Genève waar Calvyn dit geïmplementeer het. Vir elke stadswyk waar 'n stadsraadslid was, moes 'n ouderling gekies word. Ons moet onthou dat die gemeenskap en die kerk se strukture verstrengel was. Die samelewing was nie sekulêr nie. Elke ouderling was dus verantwoordelik vir die lidmate in sy stadswyk. Saam het die ouderlinge die kerkraad gevorm.

Die wykspraktyk is na 1652 in Suid Afrika voortgesit met min of meer dieselfde situasie waar die staat en kerk baie nou hande gevat en saamgewerk het.

Diakens was aanvanklik nie deel van die wykstelsel nie. Hulle was minder as die ouderlinge en het bepaalde opdragte in die groter opset gehad.

Bediening van ouderlinge en diakens

Nêrens word bepaal dat 'n ouderling en/of diaken die gemeente slegs kan bedien indien hy/sy 'n wyk het. Dit word ook nie voorgeskryf dat 'n wyk 'n ouderling en diaken moet hê nie. Die dankofferpraktyk maak dit dalk wenslik, maar nie noodsaaklik nie.

Alhoewel artikel 16 en 17 van die Kerkorde die eiesoortige dienswerk van die ouderling en diakens omskryf, staan daar by 16.2 en 17.2 dat die kerkraad bepaal, met inagneming van artkel 16.1.1 -

16.1.8 en 17.1.1 – 17.1.5 wat die bedieningsverantwoordelikheid van elke ouderling en diaken moet wees.

Kerkrade kan dus 'n gedifferensieerde ampsbedienings praktyk/model ontwikkel wat die bediening in die gemeente die beste tot sy reg sal laat kom. So kan ouderlinge gekies word vir 'n bepaalde bediening bv. Jeug, Seniorlidmate, Finansies ens. Diakens kan gekies en getaak word na aanleiding van die interne en/of eksterne behoeftes wat aangespreek moet word. Ampsdraers hoef dus nie 'n wyk te hê nie

Die getal ouderlinge en diakens hoef ook nie dieselfde te wees nie Die. ou argument was ter wille van die “*gelykheid*” van die ampte. Die gelykheid gaan tog oor die wese van die amp en nie numeriese ewewig nie. Weereens kan die gemeente se bedieningspraktyk die getal ouderlinge en diakens bepaal.

4. Samestelling van die kerkraad

Daar is geen voorskrif ten opsigte van die aantal lede nie. In die verlede is die grootte gewoonlik bepaal deur die aantal wyke. Die uitgangspunt is wel dat 'n raad tog nie uit een of twee persone kan bestaan nie.

Die Kerkorde bepaal ook dat ampsdraers/kerkraadslede nie noodwendig op die kerkraad hoef te dien nie. Jy kan dus 'n ouderling wees met 'n bepaalde opdrag maar jy hoef nie 'n lid van die vergadering te wees nie. Belangrik dat dit so genotuleer moet word want dit bepaal die getal lede nodig vir 'n kworum en ook die funksionering van die kerkraad as regs persoon. Indien 'n ouderling bv. besluit het om nie deel van die amptelike kerkraadsvergadering te wees nie sou hy nie opgeroep kon word om sodoende te help om 'n kworum te vorm nie. Hy het ook nie stem reg nie.

5. Kommissies.

Nêrens word bepaal dat 'n kerkraad kommissies moet hê, of hoeveel hy moet hê en wat elkeen se verantwoordelikheid is nie. 'n Klein gemeente sou goedskiks net met 'n kerkraadsvergadering kon funksioneer.

6. Die naam “kerkraad”

Die naam staan so in die Kerkorde en identifiseer die raad net as synde die kerk s'n. Indien 'n gemeente sou besluit om eerder die naam kerkbestuur, kerk direksie of net bestuur te gebruik vir hulle “*kerkraad*” sou dit sekerlik in orde wees indien hulle egter hou by die Kerkorde bepalings ten opsigte van die verkiesing, bevestiging en verantwoordelikhede.